PERSVERKLARING

‘N EEN MILJOEN RAND-GLIMLAG VIR SENWES-WENNER

‘n Produsent uit die Vrystaat het ‘n aansienlike afslag op sy somerproduksierekening ontvang, nadat hy as die enigste wenner van die Senwes R1 miljoen-trekking aangewys is. Dit is vanjaar die derde jaar wat Senwes dié kompetisie aanbied.

Produsente wat somerproduksiefinansiering gedurende die 2008/2009-landboujaar by Senwes opgeneem het, het outomaties vir die kompetisie gekwalifiseer. Vyf finaliste het tydens die trekking op 12 Mei in Klerksdorp duim vasgehou, met die hoop dat hul rekening eerste aan die beurt sou kom vir die terugskryf van die balans daarop, tot en met ‘n totale bedrag van R1 miljoen.

Jaco Strydom, ‘n produsent van Bultfontein, se somerproduksierekening is nou R1 miljoen minder.

Die oorblywende vier finaliste, Marius Herselman (Heilbron), Piet Saaiman (Bainsvlei), Johan Vivier (Bultfontein) en Johan Viljoen (Hartbeesfontein) het elk ‘n Senwes koopbewys, ter waarde van R10 000, ontvang.

“Ek voel steeds bewerig,” was mnr Strydom se reaksie nadat hy as wenner aangekondig is. Sy toekomsplanne, wat nou makliker bereikbaar gemaak is, is om sy boerdery uit te brei en verder ‘n pad saam met Senwes te loop.

“Die reklamewaarde van dié kompetisie is ongelooflik en die voordeel is dat Senwes op hierdie manier iets aan die produsente kan teruggee,” het Gerrit van Zyl (Hoofbestuurder: Senwes Credit) gesê.

Volgens Frans du Plessis (Hoofbestuurder: Senwes Village) is Senwes se primêre fokus landbou. “Senwes is reeds 100 jaar lank deel van die landbou en produsente kan hul totale landboubesigheid met ons as vennoot bedryf, terwyl ons ook graag gereeld terugploeg in die landbougemeenskap,” het hy gesê.

Daar word verwag dat Senwes binnekort ‘n aankondiging sal maak oor die voortsetting van dié gewilde kompetisie.

Die glimlag van 'n wenner... Jaco Strydom, saam met sy vrou, Paula (regs en naasregs) vertoon die wen-tjek wat hy by Senwes ontvang het. Saam met hulle is Johan Dique (Besturende Direkteur: Senwes) en sy vrou, Rina.

- EINDE -